DEEL 116 | WEEK 5 | 2 FEBRUARIE | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Nuwe skoolhoof vir Hoërskool Heilbron


Die lang wag vir 'n permanente hoof by Hoërskool Heilbron het uiteindelik tot 'n einde gekom toe Mnr. Johnny van der Merwe op 25 Januarie as die nuwe hoof aangestel is. Donderdagoggend het mnr. Moletsane, Areabestuurder van die Departement van Onderwys, Hoërskool Heilbron besoek met die goeie nuus. Die aankondiging het 'n golf van opwinding deur die skoolgemeenskap gestuur. Hierdie nuus bring 'n einde aan 'n tydperk van sowat twee jaar wat die skool sonder 'n permanente hoof was, nadat Mnr. Peter Smith afgetree het. Gedurende hierdie tyd het Mnr. David Knight as waarnemende hoof gedien. Mnr. van der Merwe is glad nie 'n vreemdeling vir die skool nie, aangesien hy 'n uitstaande reputasie as 'n toegewyde onderwyser opgebou het.

Mnr. Johnny van der Merwe het in Stanger, Natal, grootgeword en het na die afsterwe van sy pa in 1991 na De Aar verhuis. Hy het sy skoolloopbaan in De Aar voltooi en daar ook sy lewensmaat, Elsabé, ontmoet. Sy passie vir onderwys het hom aangespoor om sy loopbaan in die onderwys te begin en hy het aan Kovsies B.Ed Intermediêre Fase studeer. In 2005 het hy sy Honneurs in Kurrikulumstudies verwerf, wat sy kennis en begrip van onderwys verder verdiep het. In 2006 het Mnr. Johnny van der Merwe by Hoërskool Heilbron aangesluit en het hy deur die jare bewys dat hy 'n betroubare en toegewyde onderwyser en bestuurder is. Sy keuse om as hoof aansoek te doen, is gedryf deur 'n diep passie vir onderwys. Na 18 jaar se harde werk by Hoërskool Heilbron is die skool ŉ belangrike deel van sy lewe en hy is bekend met die gemeenskap, ouers en kultuur van die skool.

Mnr. Johnny van der Merwe het groot planne vir die toekoms van die skool. Sy fokus is om die akademie van die skool te versterk en om elke kind holisties te ontwikkel, nie net akademies nie, maar ook op die sportveld. Hy het 'n besondere passie vir sport en glo dat sport ook bydra tot 'n kind se ontwikkeling. Hy weet dat Hoërskool Heilbron ook op sportgebied die beste in die kontrei kan wees.

Sy beplanning vir die skool oor die volgende vyf jaar sluit in die behoud van leerders en die voortdurende verbetering van die hoërskool. Hy beskou die hele gemeenskap en dorp as deel van die skool se sukses. "Ons moet saamstaan en saamwerk om ons skool na nuwe hoogtes te lei. Spanwerk tussen die skool, onderwysers, beheerliggaam, en ouers is van uiterste belang vir die voortbestaan van ons skool," sê hy. Met hierdie nuwe leierskap wens die gemeenskap van Heilbron vir Mnr. Johnny 'n voorspoedige en suksesvolle toekoms by Hoërskool Heilbron toe.











# UIT DIE PEN:

## Week 5

Ek het hierdie jaar besluit om elke week ’n tema te bespreek waaroor ek wonder. Sommer so in die algemeen. Of na aanleiding van iets wat gebeur het of wat ek raakgelees het.

Jy weet mos: ewe skielik kom daar ’n vraag in jou kop op, nugter weet van waar af. Ek het menige kere al my goeie man se voete onder hom uitgeslaan met so ’n vraag. En ek beplan om nog baie diesulkes te sê.

Gewoonlik slaan jy op ander maniere jou man se voete onder hom uit.

Vandag wonder ek hoekom ons nie meer kere dankie sê nie? Kom ek verduidelik.

Ek het in 2019 begin werk waar ek tans werksaam is. Toe ek hier aangekom het, het ek glad nie geweet wat ek moes doen nie. Ek het my werksomskrywing gehad, maar van daar af moes ek so half met 'n flitslig navigeer. My baas was ook nuut en hy het gedink dat ek maar net moet aangaan waar ek laas opgehou het.

Ek het onder andere geweet dat ek sekretaresse was van twee komitees. Wat sedertdien uitgebrei het tot agt. Verder was ek betrokke by die opleiding van onderwysers. Ek moes omsendbriewe skryf en uitstuur. Ek het nie eers geweet waar die inligting vandaan gaan kom nie. Daar was egter drie splinternuwe kollegas (vir my was hulle nuut want ek was nuut, maar hulle was al daar vir omtrent sewe jaar voordat ek daar begin het) wat baie gou hulle domein afgesteek het. Dit het so half geklink of hulle met spioenasie verslae te doen gehad het, want hulle kon my nie presies sê wat hulle doen nie. Maar skinder? Jinne, die nete op hulle koppe het gekraak soos wat hulle kon skinder.

Met baie navorsing en oplees, kon ek myself tot binne-in my pos oplei. Ek kan onthou dat ons destydse hoof (onthou jy dat ek gesê het dat hy ook nuut was?) my laat weet het dat hy nie vertroue het in my notulering vermoë van vergaderings nie. Ek het stadig, terwyl ek my dagboek oopgemaak het, tot by my werksomskrywing geblaai en dit vir hom begin lees. Dit duidelik gemaak dat dit deel is van my werk. Hy het nooit weer probeer om my werk so stuk-stuk by my weg te vat nie. Van my kant af het ek probeer om alles tot die beste van my vermoë te doen.

Ons maatskappy het met 'n ander geamalgameer. Dit het nuwe kollegas saamgebring. Ons het mekaar versigtig leer ken. Ons twee spanne het in verskillende gange ons kantore gehad. Ons het nie daagliks by mekaar gekuier nie, soms mekaar nie eers deur die dag raakgeloop nie.

Die nuwe maatskappy doen dieselfde as ons, maar net met ’n ander kwalifikasie. Dit is amper twee parallelle prosesse.

Soms was daar ’n krapperigheid tussen my afdelingshoof en die hoof van die nuwe afdeling wat saam met die amalgamering gekom het. Eersgenoemde kon nie verstaan hoedat laasgenoemde nie presies soos sy werk nie, sy het geglo dat laasgenoemde moes inval by haar.

Toe nie.

Uiteindelik is almal, behalwe vier oorspronklike personeellede weg (self bedank of afgetree). Intussen het ons nuwe personeel kon aanstel, wat baie tandekryprobleme veroorsaak het. Ons kantore is tans gemeng: afdelings sit nie langs mekaar nie, en dit het ’n groot, positiewe verskil gemaak.

Ons het ’n span waarop ek trots is. Nie almal is mekaar se beste vriende nie. Maar almal het mekaar se belange op die hart.

Ons werk met eksamens, met teleurgestelde kandidate en opgewonde kandidate. Ons werk met mammas wat die rede vir swak punte by ons soek, terwyl die kandidaat by haar aan huis was. Ons werk met onderwysers wat trots is, ander wat vinger wys.

Jy ken die verskuiwing van blaam. Dit gebeur orals.

Ieder geval, terug na ons span.

Ons het saamgekom om ’n strategie uit te werk om alle oproepe en kliënte te help. Selfs diegene wat by die ander afdeling werksaam is, het van hulle kosbare tyd opgeoffer om te help. Almal was daar. Letterlik almal. Sommiges het deur die naweek gewerk om te help.

Merkwaardig.

Wat my vandag laat wonder: kan jy jou span te veel prys? Kan jy hulle te veel bedank vir wat hulle doen?

Ek dink nie so nie.

Maandagoggende kom maak ’n maatskappy ons kantore skoon. Hulle is teen 10:00 klaar. Intussen drink almal koffie en tee en maak ander breekgoed en messeware vuil. Hulle sit dit dan alles in die kombuis se wasbak sodat die skoonmaker dit die volgende dag kan was.

Wanneer ek Maandag middae laat in die kombuis kom, sien ek dat alles klaar gewas is en netjies gemaak is. Ek het agtergekom dat dit ons ontvangsdame is. Sy doen beslis meer as wat sy moet en sy doen dit met oorgawe.

Ek het pas ’n e-pos aan al ons werknemers gestuur, aan haar spesifiek gerig, om dankie te sê dat sy werk doen wat nie op haar werksomskrywing is nie. Sy was nou net in my kantoor om dankie te sê omdat ek haar waardeer. Mense floreer op waardering. Probeer dit.

Behalwe dat bogenoemde van toepassing is op mense, wonder ek baie keer of dieselfde waar is aangaande jou kinders, gesinslede en honde. Lag maar: ek skeer hulle almal onder dieselfde kam, want dis die mense (en diere) wat daagliks in jou geselskap is.

Ons Pebbles hond kry daaglikse drukkies van my af. Ek sê ook vir haar dat sy ’n pragtige hond is (sy is regtig) en dat sy so oulik is (sy is regtig). En nee, ek sê nie dieselfde van my kinders nie, want ongelukkig het ek nie kinders nie. Net voordat jy wonder.

Skryf gou daardie e-pos. Sê dankie. Wys jou waardering. Want die dag gaan kom wanneer jy weer sou wou hê dat iemand iets moet doen wat buite sy of haar werksomskrywing is. As jy dit nie nou waardeer nie, gaan daardie mens nie weer uit sy pad gaan nie.

Hierdie keer hoef jy nie daaroor te wonder nie. Dis rêrig so.

# Accused sentenced for possession of drugs

**FREE STATE –** Samiya Minani (43), also known as Mama Africa, appeared before the Heilbron Magistrates’ Court on 19 January 2024 where she pleaded guilty and was sentenced for possession of drugs.

On 14 July 2022, information was received by the Hawks’ Serious Organised Crime Investigation in Welkom alleging that Minani was selling drugs in the area of Heilbron. The Hawks then followed up on the information. On 26 October 2022, a search and seizure operation was conducted by the Hawks and K9 Unit in Welkom at Minani Supermarket in Heilbron where she was found in possession of crushed dagga to the estimated street value of R17 000.

The court sentenced Minani to a fine of R6 000 of which R3 000 is suspended for five years on condition that she is not convicted of the same offence during the period of suspension. She is expected to pay R3 000 or face six months imprisonment.

# Huppel Trippel Klub skop af vir 2024

Meer as 50 Huppel Trippel-lede het Dinsdag-oggend ’n genoeglike saamkuier geniet. Ds Petrus Fouché het die geleentheid geopen met ’n baie interessante en leersame invalshoek oor die geloof van die verlore seun.Die groeplede het heerlik saamgesing met Martie Olivier as begeleier. Nadat die kwartaal-program voorgehou is, het die koek-en-teekuier behoorlik ingeskop. Die volgende kuier is DV op 6 Februarie. Dit gaan ’n lekker kopkrap-vasvra wees met vrae wat uitsluitlik oor KOS gaan handel.



*Op die foto vl: Elsa Fouché, Ds Petrus Fouché en Nonna Roos.*

# The most common type of cancer

**• Heilbron Clinic**

Skin cancer is the most common type of cancer. Most skin cancer is caused by sun damage and occurs on the face, neck, and arms where the sun exposure is the greatest. Light skinned, blue-eyed people are more likely to develop skin cancer. Dark skinned people have less risk.

Most skin cancers are non-melanoma skin cancer, which includes basal cell and squamous cell carcinoma.

Non-melanoma skin cancer is rarely life-threatening. Melanoma is a more serious type of skin cancer, it may affect only the skin, or it may spread (metastasis) to the other organs and bones. Melanoma can be life threatening.

Skin cancers differ from non-cancerous growths in the following ways:


- They tend to bleed more than non-cancerous growths do and are often open sores that do not heal.
- They tend to be slow-growing. However, melanoma may appear suddenly and grow quickly.

Prevention:

Most skin cancers can be prevented by avoiding excessive exposure to the sun (including sunlamps). Most damaging sun exposure has occurred by age 20, so keep your children protected. Repeated sun exposure and severe sunburns are major factors in some types of skin cancer.

When to call a Health professional:

Call your doctor if you notice any unusual skin changes or growths, especially if they bleed and continue to change. If your moles do not change over time, there is little cause for concern. If you have a family history of malignant melanoma, let your doctor know because you may be at higher risk. Call your doctor if you notice any of the following “ABCD” changes in a mole or other skin growth:



| | |
|---|---|
| **Asymmetry:** | Moles that, if divided in half are not the same on both sides. |
| **Border:** | Moles with edges that are jagged like a coastline. |
| **Colour:** | Moles gaining or losing colour, or multicoloured. |
| **Diameter:** | Moles more than 1/2cm in diameter (Especially if uneven colour). |


Vertroue in ons toekoms
NADER AAN MEKAAR
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid – alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Vir julle vertroue in die toekoms, vir julle vertroue in ons. Dankie.
Vir veilingsnavrae:
Marnus Becker 082 873 2002
BKB Bemarker: Frankfort, Heilbron, Edenville, Koppies
www.bkb.co.za
BKB
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING

# Sasol recognises Fezile Dabi's 2023 top performing matrics



*__TOP 20 FEZILE DABI MATRICULANTS:__ The top 20 learners in the 2023 Matric examinations from Fezile Dabi each received a laptop, laptop bag and certificate from Sasol at the Sasol Matric Awards 2023 held on 24 January 2024 in Sasolburg. In front are from left Cllr Jack Malindi, Executive Mayor, Metsimaholo Local Municipality; Rigthwell Laxa, Senior Vice President, Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations; Dr Vusi Chuta, Fezile Dabi Education District Director and Dr Thuli Mbuli, Head Community Affairs, Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations.*

Sasolburg, South Africa – On Wednesday, 24 January 2024, Sasol recognised 20 top performing learners in the Fezile Dabi District for achieving exceptional marks in their 2023 matric examination at a function held in Sasolburg.

Two learners, Chelsea de Witt, from Sasolburg High School and Rethabile Radebe from Vaal Christian Combined School were awarded Sasol bursaries towards continuing their academic careers in a field of their choice. Chelsea will study veterinary medicine at the University of Pretoria, while Rethabile is going to the University of Cape Town to study medicine. The Sasol bursaries they received will cover their expenses including registration fees, tuition fees, books, pocket money, meals and accommodation. Additionally, the bursary offers a once-off computer and calculator allowance, transport cost, as well as psycho-social support.

Making up the top 20, are seven learners from Kroonstad, being Elias Dlamini (Kananelo Secondary School), Junior Mothabe (Motswela Secondary School), Relebohile Chabeli (Phephetso Secondary School) as well as Zanri de Witt, Zahreen Engar, Hazel Kunyavapa and Leane Labuschagne who all are from Trio High School. Sasolburg has four learners in the top 20. Apart from Chelsea de Witt, Prashant Govender and Jessica Yssel are also from Sasolburg High School, while Gontse Molefe matriculated from Vaalpark High School. Three learners are from Parys High School, being Mené Fourie, Antjie Koekemoer and Maritza Nel. Heilbron has two learners; Robinho van Schalkwyk (Heilbron Combined School) and Reitumetse Matsie (Sediba-Thuto Secondary School). Karabelo Madibo (Falesizwe Secondary School, Frankfort), Mosa Kwebu (Retshedisitswe Secondary School, Villiers) and Emily Sefako (Boiphihlelo Secondary School, Vredefort) made up the group with Rethabile Radebe.

All twenty learners received laptops and laptop bags from Sasol in recognition for their achievements.

According to Rightwell Laxa, Senior Vice President of Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations, the purpose of the Fezile Dabi Learner Matric Awards is to recognise, celebrate and reward the top performing matriculants, specifically in mathematics and physical sciences.

"Quality education is an enabler and has a potentially equalising effect in achieving sustainable livelihoods. It is the most powerful vehicle for upward socio-economic mobility for every individual," he said.

Since its establishment in Sasolburg in the 1950s, Sasol has played an important role in the industrialisation, growth and socio-economic development of the Free State. Sasol's biggest social investment focus area is education and skills development and is thus involved in various projects that create an enabling environment where learners and teachers are assisted to enhance academic achievements. Over the years Sasol has developed systemic interventions to improve science, technology, engineering and mathematics (STEM) teaching and learning outcomes that focus on teachers, learners, learning resources, career guidance and infrastructure improvement programmes.

Sasol recently introduced E-learning as well as coding and robotics programmes on top of its existing contact learner support, career counselling and mobile science laboratory programmes. Sasol supports learning through STEM with its Teacher Development Programme that produces competent STEM teachers with digital and fourth Industrial Revolution (4IR) skills. The company is also actively involved in helping learners with access to higher education learning by providing career counselling and wellness support to schools. The focus of Sasol's STEM interventions includes mathematics, technical mathematics, physical sciences and technical sciences subjects.

"In our pursuit to further academic excellence, Sasol works closely with the Department of Basic Education to drive supremacy in Science, Technology, Engineering and Mathematics, and in particular in the Fezile Dabi Education District through support to education partners such as the Boitjhorisong Resource Centre. Our partnership with the Free State Department of Education is crucial to enable learners to access tertiary education that will prepare our future workforce – to Sasol, but also to South Africa," said Laxa.

Over and above the two bursaries awarded to the learners from Fezile Dabi, Sasol awarded 12 bursaries in the Free State for tertiary studies in 2024 of which six are to learners from Fezile Dabi. Four of these bursaries are to learners from the Metsimaholo Local Municipality, one to a learner from Ngwathe and another to a Moqhaka learner.

Sasol is intentional about being a force for good, making a difference in the lives of its fenceline communities.



*__BURSARY RECIPIENTS:__ From left are Dr Vusi Chuta, Fezile Dabi Education District Director; Cllr Jack Malindi, Executive Mayor, Metsimaholo Local Municipality; Chelsea de Witt, Sasolburg High School; Rethabile Radebe, Vaal Christian Combined School, Rigthwell Laxa, Senior Vice President and Dr Thuli Mbuli, Head Community Affairs, who are both from Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations.*

Vakante Betrekking

CH Tombstones & Granite Works

Ontvangs- en Verkoopspersoon benodig:

- Goeie mensekennis
- 3 Jaar ondervinding
- Toepaslike kennis van rekenaar en rekenaarprogramme.
- Netjies, vriendelik en stiptelik
- Afrikaans en Engels vaardig wees (lees, skryf en praat)
- Moet onafhanklik kan funksioneer en probleme oplos
- Minimum skoolvereiste: Graad 12

Epos asseblief volledige CV na admin@chtombstones.co.za

Aansoek sluit 5 Februarie 2024

## Fraaiste Graad 1 is ...





*Die Heilbron Herald is opgewonde om die fraaiste graad 1-wenner vir 2024 aan te kondig. Met 350 reaksies elk op die Heilbron Herald se Facebook-blad, stap Zion Muller en Ann Hendriks saam weg as wenners. Dankie aan elkeen wat deelgeneem het en baie geluk aan die wenners.*

SOLAR VIBE

ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES

47 Cilliers Street, Heilbron

083 488 1640 | admin@solarvibestore.com

Your one-stop Electrical, UPS Setup, Stove & Oven Repair, Solar, Off-Grid & Plumbing specialist

We also repair all broken electrical appliances

PEPFAR USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE ACHIEVE ADOLESCENTS AND CHILDREN HIV INCIDENCE REDUCTION EMPOWERMENT & VIRUS ELIMINATION

**Re-Advertisement**
**DREAMS IES PROVINCIAL MANAGER X1**
**Limpopo and Free State**

**Position Description:**

**The DREAMS IES Provincial Manager** provides overall leadership and management of the project at the provincial level and ensures high-quality technical programming and alignment to DREAMS targets. Specifically, s/he will be responsible for supporting the DREAMS IES implementing. partners and ACHIEVE provincial staff with programmatic/technical guidance, training, and mentoring. S/he will provide implementing partners with expert guidance on appropriate technical and programmatic approaches and strategies to prepare young women to succeed in the workforce/wage employment or self-employment/entrepreneurship. S/he will develop and disseminate SOPs, guidelines, tools, and job aids to facilitate effective implementation at district and sub-district levels. S/he will be responsible for establishing and maintaining relationships with stakeholders such as local municipalities, businesses, local government, CSOs and local communities.

The individual will assume oversight responsibilities for both the Limpopo and Free State Provinces. S/he will be based in one of the assigned provinces and travel extensively within the provinces to fulfil the project goals. The Provincial Manager will report to the ACHIEVE IES Program Director.

**Minimum Key Responsibilities and duties:**

- Provide technical oversight to IES implementing partners to ensure appropriate implementation of all IES components.
- Assist implementing partners to develop and update project work plans and budgets in close collaboration with the ACHIEVE team.
- Create linkages to employment and entrepreneurship opportunities for YW by cultivating private sector partnerships.
- Provide guidance and technical assistance to the DREAMS Ambassadors, trainers, and mentors, clarifying roles and responsibilities.
- Assist implementing partners to develop and implement strategies and approaches for targeting and enrolling eligible participants for IES services.
- Develop strong relationships with NACOSA, the partner responsible for referring eligible participants.
- Capacitate and support implementing partners in developing and executing Quality Improvement Plans to augment performance on IES (or a specific component of IES) as required.
- Facilitate the strengthening of bi-directional referral systems and linkages for those at risk where necessary.
- Provide implementing partners with expert direction on a coordinated, streamlined, and effective IES strategy to meet the IES targets.
- Identify and engage with key stakeholders in the province/s. This includes the private sector, agencies, government, and the development sector to create successful linkages and opportunities for young women in various pathways (wage employment and self-employment/entrepreneurship opportunities, wage internship, learnership, and vocational training) and share such opportunities with partners.
- Actively liaise with other PEPFAR DREAMS implementing partners, NGOs, other civil society partners, local municipalities, and communities to cultivate strategic relationships and alliances.
- Manage and oversee budget allocation for program activities including ensuring that all funds provided are utilized in line with approved costs. Work closely with the Grants Manager to ensure that IPs utilize funds appropriately for the submission of abstracts and research papers as applicable to IES.
- Build partnerships with the Department of Small Business Development to link AGYW with available start-up resources.
- Collaborate with IES Data Analyst on performance results analysis, visualization, and reporting.
- Participated in quality assurance activities, data validation, program review and performance monitoring of MER indicators.
- Ensure that implementing partners coordinate, develop, and maintain high quality program documents, e.g., trackers, work plans, agendas, minutes of meetings, training reports, etc.

**Minimum Education and Experience Requirements**

- Degree in Business Management and Administration or any related field. A master's degree is an added advantage.
- At least (five) 5 progressive years of experience working in Economic Strengthening, Systems Strengthening or Workforce Development in South Africa.
- Skills in training and empowerment of young women
- Knowledge and understanding of the South African labor and government sector
- Familiarity with U.S. government rules and regulations for a cooperative agreement
- Demonstrated experience linking youth, especially young women, to employment or entrepreneurship activities.
- Demonstrated knowledge of the private sector support landscape for young women in South Africa. Sound understanding of the socio-economic landscape of South Africa
- At least three years demonstrated PEPFAR experience.
- Strong familiarity with PEPFAR and USAID policies, procedures, rules, regulations, and reporting requirements for INGO-led projects
- Proven management and inter-personal skills.
- Experience in partnership management is highly recommended.
- Excellent verbal and written communication skills in English.
- Valid South African driver's license.
- Eligibility to work in South Africa.
- Must be based in either Limpopo or Free State.
- Willingness to travel extensively across different provinces.

Only applicants possessing the prescribed minimum qualifications and experience are invited to submit their electronic CVs and application letters. with a subject line "**IES ACHIEVE Provincial Manger – Limpopo and Free State**" to merlapps@pactworld.org

Closing Date: **02 February 2024**

*Pact reserves the right to verify all information provided by candidates including credit rating. Please note that correspondence will be limited to short listed candidates only and if you do not hear from us within 3 weeks after the closing date kindly accept that your application was unsuccessful*

# Minister moet ingryp in Heilbron waterkrisis

Te midde van die voortslepende waterkrisis in Heilbron het VF Plus LP Tammy Breedt die minister van waterwese, Senzo Mchunu, versoek om dringend in te gryp en duidelikheid te verskaf oor die verwagte duur van die krisis. Randwater het op 14 Desember 2023 op kort kennisgewing die waterlewering aan Heilbron gesnoei van ongeveer 8 Megaliter per dag na ongeveer 4,4 Megaliter per dag. As rede is vermeld dat Randwater se reservoir vlakke toe weens toename in die aanvraag op 38% was, terwyl dit op 60% behoort te wees.

"Dit het aanvanklik geblyk 'n korttermynprobleem te wees, maar ek vrees ons het dalk nou met Randwater dieselfde dilemma as met Eskom bereik, want die probleem duur nou al meer as ses weke voort," sê VF Plus raadslid Phillip van der Merwe. "Die vraag is of Randwater, soos Eskom, versuim het om suiweringswerke in stand te hou en te vergroot om tred te hou met die groeiende aanvraag en of beurtwater, soos beurtkrag, nou die waterraad se gebied se voorland is." Dit is een van die aspekte waaroor LP Breedt duidelikheid by die minister vra.

"Damme wat rouwater aan Randwater moet voorsien is tans vol en gebrek aan rouwater kan dus nie as verskoning vir die tekorte aangevoer word nie," skryf sy.

Die minister moet ook aandui of Ngwathe Munisipaliteit se skuld aan Randwater (tans ongeveer R 55m) enigsins gebruik word as maatreël om toevoer te beperk. Sommige areas in Heilbron het reeds meer as 'n maand geen water nie en die dorp is in totaal aangewese op Randwater om in sy waterbehoeftes te voorsien. "Daar is tans geen alternatiewe nie," sê raadslid Van der Merwe.

Inwoners het onlangs 'n petisie oor die waterkrisis opgestel wat raadslid Van der Merwe namens hulle aan die uitvoerende burgemeester oorhandig het met die versoek om dringend 'n onderhoud op politieke vlak met Randwater se beheerraad te reël om antwoorde op die talle onbeantwoorde vrae te probeer bekom. "Tot sover het die versoek nog geen vrugte afgewerp nie, maar ek sal aanhou om druk op die burgemeester ook te plaas om antwoorde te vind," sê hy verder.

# Oudits: Nou verpligte optrede


'n Span van die kantoor van die Ouditeur-generaal (OG) het raadslede eergister ingelig dat pligsversuim deur senior munisipale amptenare van nou af gaan lei tot sterk strafmaatreëls. "Dit mag uitloop op groot boetes, wat die amptenare persoonlik sal moet betaal," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel aan Herald.

Die DA verwelkom dit dat die OG nou gaan "tande wys". Hy sê dit volg op parlementêre wetgewing wat die OG magtig om sy bevindings en aanbevelings pro-aktief af te dwing op munisipaliteite wat aanhou brou.

"Ngwathe staan uit as só 'n sukkelaar. Dit ploeter jaar na jaar voort, sonder pogings tot verbetering, maar met agterstallige skuld wat aanhou styg en styg."

Die OG het nou twee nuwe eenhede wat gaan konsentreer op die uitsnuffel en regstel van wesentlike onreëlmatighede. "Hul remedies sal onderskraag word deur wetgewing, en munisipale amptenare sal dit blykbaar moet uitvoer," sê Schoonwinkel.

Die OG-span het raadslede in detail toegelig oor hul ouditverslag ten opsigte van die jongste finansiële jaar. Herald sal volgende week daaroor berig.



Pasch du Plooy

# INSPIRASIE RESEPTE

**SANDWICHES**

I just love spicy chicken livers. It's really one of my favourite meals. Peri-Peri has its place, but sometimes it's too acidic for me. This is my ultimate recipe for chicken livers. It has spice, flavour, and balance.

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 15 minutes
Serving – 4 people


**Ingredients for the chicken livers**
400g chicken livers, cleaned
1 cup poached apples or tinned apples, removed from the liquid
2 cups baby spinach
1 cup cream
1 tablespoon brown sugar
1 tablespoon chopped chillies; seeds removed
1 teaspoon chilli oil, optional
2 sachets beef stock, I use Woolworths
Salt and pepper

**Method for the chicken livers**

Place the livers on a tray and season with salt and pepper. Coat the livers with oil and mix well. Now, heat a heavy based pan or cast-iron pot until very hot. Place the livers in the pan and cook without moving them until brown. Turn and cook until brown on the other side as well. Add the chilli, spinach, apples and stock. Reduce the heat and cook for 2 minutes. Add the cream and cook until reduced. Mix in the sugar and season with salt and pepper.

**How to serve**

Serve on toasted thick cut ciabatta bread, drizzled with chilli oil. You can add a soft sunny side fried egg on top. Top it with another slice of toast to make the ultimate sandwich.




# 'n Skokkende voorval in Heilbron

'n Inwoner van Heilbron is op die 21ste Januarie by haar huis oorval en aangerand. Martie Ferreira, 'n deeltydse werknemer by E&E Rekenmeesters, het pas by die huis gekom nadat sy inkopies gedoen het, toe sy aangeval is.

Martie vertel dat sy van haar kruideniersware in die huis gaan bêre het en daarna weer na haar voertuig teruggekeer het om die res te gaan haal. Sy is skielik deur 'n onbekende man aangeval toe sy die tweede keer by haar huis instap. Die man het haar aan die arm getrek, op die grond gegooi, en met 'n mes gedreig terwyl hy skreeu: "We will kill you!!!"

Sy vertel verder dat sy deur die aanvaller geslaan en geskop is en dat hy haar handsak gegryp het waarin haar selfoon, bankkaart, en kontant was. Die verdagte het na die aanval vinnig by die voordeur uitgehardloop, dit gesluit, en weggevlug.

Martie kon gelukkig vir Albert en Fransie van Lingen op die landlyn kontak, en hulle was vinnig saam met Tampies Swart van die beheerkamer op die toneel. Sy is na Dr Spies geneem, waarna sy na Bethlehem oorplaas is vir verdere behandeling. Martie is dankbaar vir die gemeenskap se hulp en ondersteuning tydens hierdie moeilike tyd. Sy het gesê dat sy nog nooit só 'n spoedige en omgee reaksie van die gemeenskap ervaar het nie.

Martie is steeds getraumatiseerd na die skokkende voorval. Die insident word ondersoek en die gemeenskap word aangemoedig om waaksaam te wees en enige inligting wat kan help met die ondersoek met die plaaslike owerhede te deel.



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die boedel van wyle **STANFORD NTJA MELATO, BOEDELNOMMER: 006934/2022,** Identiteitsnommer 610728 5811 086, wat gewoonlik woonagtig was te 1492 PHIRITONA, HEILBRON op 13 Julie 2021 gesterf het.

Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die Landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf die datum van publikasie hiervan

Gedateer te Heilbron op hierdie 17de dag van Januarie 2024.

**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**VERW: MEL11/0001/JHJ/cm**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **POTGIETER**
First names: **GERRIE**
**ESTATE NUMBER: 8171/2022**
Identity/passport number: **540804 0011 082**
Date of death: **23/08/2022**
Last address: **13 Vierde Straat, Koppies**

All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.

Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF:**
**Date submitted: 2024/01/26**
**Publication Date: 2024/02/02**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNES URBANUS HUMAN, Identiteitsnommer: 491217 5013 08 7,** in lewe 'n Landbou-ingenieur, woonagtig te Conventionstraat 15, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 14 Oktober 2023**
**BOEDELNOMMER: 008742/2023**

KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# BEDANKING

Wanneer dit kom by die stryd om lewe en dood is 'n mens geneig om te dink dit is elke ou vir homself. Die teendeel is egter aan ons bewys met Piet se skielike heengaan. Ons is só dankbaar vir elke besoek, boodskap, oproep, bos blomme, eetgoed, hand van bystand en gebed toe ons wêreld vir 'n oomblik onder ons voete uitgeruk is. Die woord "Dankie" is heeltemal te klein om ons opregte waardering aan die gemeenskap oor te dra. Weet egter dat geen omgee-hart ongesiens by ons verby is nie.

Dankie dat julle ons gedra het en steeds dra.
Dankie, dankie, dankie ...
Boshoffs

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, for the Intension to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T18458/2009** passed by
**WILLEM JACOBUS SMIT**
**Identity number 5011115058089**
**Unmarried**
In favour of
**MUHAMMAD ILYAS**
**Identity number 7201015405092**
And
**REHANA ILYAS**
**Date of birth 01/01/1980**
**Married in community of property to each other.**
In respect of
**ERF 106 DISTRICT OF KOPPIES, PROVINCE OF THE FREE STATE**
**IN EXTENT 1983 (ONE THOUSAND NINE HUNDRED AND EIGHTY-THREE) square meters**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T18458/2009**
Which has been lost of destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby
Required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein
Within two weeks of publication of this notice.
Dated in Koppies on the 2 day of February 2024
**PIET RETIEF DE WET**
**RED INC ATTORNEYS**
**PLOT 76 WELTEVREDE NEDERSETTING**
**KOPPIES, 9540**
**TEL: 0795715049**
**pietman@pdwlaw.co.za**







# TE HUUR

**HUIS TE HUUR MIDDEDORP**

3 Slaapkamerhuis met dubbelgeriewe, dadelik beskikbaar.
**Skakel**
084 257 6745




## FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*



HERALD Sport

WINKELURE
**Maandae - Donderdae:** 07:30 - 17:00
**Vrydae:** 07:30 - 16:30
**Saterdae:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

# Johan wen 2024 se eerste HBA Mug



Saterdag was die eerste HBA Monthly Mug op die spel. Johan Weilbach wen met 'n trotse 67 houe. Die noodsaak om elke hou van dryf tot set vooruit te beplan en te maak tel, het beslis op die dag uitgestaan. Gerrie Muller was die naaswenner met 68 houe, slegs 1 hou meer as Johan. Gerrie se opvolger was Vian Leeb met 69 houe, ook net 1 hou meer as wat Gerrie gespeel het. Almal het die dag geniet en die klub bedank Heilbron Abattoir wat weereens bereid is om die Monthly Mugs te borg, asook al die getroue en nuwe spelers se betrokkenheid.

Hierdie Saterdag is gewone spel vanaf 10:30, almal is welkom om te speel of om die klub sosiaal te besoek. Die gholfklubkomitee moedig ouers aan om hulle kinders saam te bring en beloof om altyd 'n familie vriendelike omgewing te behou.

*Foto: Delareyz Smit (Tesourier) & Johan Weilbach (Wenner).*

# Twee honderdtalle lei Heilbron na 100 lopies oorwinning

In 'n skitterende vertoning het Heilbron se krieketklub 'n indrukwekkende totaal van 345 lopies aangeteken teen Route 66 op hul nuwe kolfblad op Hoërskool Heilbron se veld. Die wedstryd was 'n fees vir krieketondersteuners, met 'n totaal van 27 sesse en 23 viere wat die ondersteuners laat gons het. Die kaptein, Irfan Arshad, het vanaf die begin 'n belangrike rol gespeel deur 'n uitstekende 112 lopies van slegs 66 balle aan te teken. Sy lang steel en aggressiewe spel het die span 'n sterk fondasie gegee. Armand Smit het die aksie aangehits met 'n vinnige 138 lopies van 73 balle, terwyl hy ook vier paaltjies laat kantel en drie vangskote geneem het. Sy uitstaande vertoning het hom as die speler van die wedstryd laat bekroon.

Die ondersteuning van die gemeenskap was onmisbaar, en die Heilbron krieketklub wil graag dankie sê aan Pieter Bronkhorst van VKB Heilbron en Juan Botha van VKB Oranjeville vir hulle borg van 20 klubhemde en bydraes vir die nuwe kolfblad.

Die kolfblad by die skool is oorgedoen, en daar word 'n besondere woord van dank gerig aan Gammie Breytenbach vir die geborgde grond. Die projek het ses weke geneem, en twee nuwe kolfblaaie is opgerig met 'n totaal van 15 ton gebruikte grond.

Roos Meubileerders verdien ook lof vir hulle harde werk aan die krieketnette, wat die speel ervaring verder verbeter het.

Die span sien uit daarna om Saterdag teen Sharpeville in Sasolburg te speel. Met nog nege wedstryde vir die seisoen, is die vooruitsigte helder, en die span is gemotiveerd om voort te bou op hul sukses. Die gemeenskap se ondersteuning is van onskatbare waarde, en die Heilbron krieketklub nooi almal uit om die span te kom ondersteun.



*Op die foto vl: Armand Smit en Irfan Arshad (Kaptein).*






BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 5 FEBRUARIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 6 FEBRUARIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ARLINGTON Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
ANYSSPRUIT veiling
Kontak Boet-Jan van der Wath 072 626 9242

**WOENSDAG - 7 FEBRUARIE 2024**
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
LUNEBURG Maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan van der Wath 072 626 9242

**DONDERDAG - 8 FEBRUARIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
MEMEL: BOSHOEK BOVELDERS & MARITZ BOVELDER & MASHIESA VLEISMERINOS
11:00, Eksteen, Memel
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**VRYDAG - 9 FEBRUARIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 10 FEBRUARIE 2024**
FRANKFORT: DIE DORMER VEILING
11:00, Frankfort gholfklub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KOPPIES: MAKSI MERINO LANDSKAAP GROEP
11:00, Verdeeld, Koppies
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830